www.aiche.org/ccps

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskap aan bedryfspersoneel**

This issue sponsored by

Minimizing risk. Maximizing potential.

www.iomosaic.com

# Omring deur waarskuwingstekens?

**Mei 2019**

Die twee foto's regs is geneem op 'n lughawe. Die apparaat links is 'n personeel hyser wat werkers op te lig sodat hulle herstelwerk kan doen. Daar is 24 waarskuwingstekens op die hysbak. Hoeveel hiervan dink jy het die operateur van die hyser gelees? Elkeen van die waarskuwings het 'n punt en 'n doel. Maar mens wonder of soveel waarskuwingstekens nie dalk verwarrend en oorweldigend is nie, in so 'n mate dat niemand daarna kyk nie. Word ons soms dalk oorlaai met kommunikasie? Ja beslis! In die proses nywerheid is dit dalk die waarskuwingstekens waar jy verby loop sonder om te lees, of die waarskuwing in 'n prosedure wat jy nie opmerk nie.





## Het jy geweet?

- Waarskuwingstekens word geplaas om mense te herinner aan die gevare van toerusting en prosesse in die area.
- Waarskuwings tekens kan ook die spesifieke dinge bepaal waarsonder 'n taak nie veilig gedoen kan word nie.
- Waarskuwingstekens in die proses area spesifiseer baiekeer die beskermende klere wat hier gedra moet word en ander veiligheids inligting. Waarskuwings oor veiligheids klere vereistes kan ook in bedryfsprosedures of werkspermit dokumente wees.
- As daar te veel waarskuwings in tekens of prosedures is, is daar 'n groot risiko dat dit misgekyk kan word, en dat 'n ongeluk kan gebeur.

## Wat kan jy doen?

- Lees altyd die waarskuwings tekens voordat jy 'n proses area binnegaan of voordat jy toerusting bedryf, om jou te herinner aan die voorsorg wat getref moet word en wat mens nie moet doen nie.
- Lees en verstaan die veiligheids en veiligheids klere vereistes in die bedryfs-en instandhoudings prosedures, of werkspermit dokumente. Volg die vereistes en vra jou toesighouer as jy dit nie verstaan nie.
- As jy dink dat 'n prosedure of bord met waarskuwings het te veel inligting wat mense se aandag kan aftrek van wat werklik belangrik is, bespreek dit met jou toesighouers.
- Is waarskuwingsteken op die regte plekke, en is daar dalk te veel of te min? Is hulle effektief? Is hulle akkuraat en korrek?
- Jy kan gerus verbeteringe voorstel om waarskuwings tekens of waarskuwings in prosedures te verbeter. So byvoorbeeld is daar 24 waarskuwings tekens in die foto vir die hyser. Kan mens hulle dalk kombineer, groepeer of prioritiseer? Is almal regtig nodig?
- Lees die Beacon van Mei, 2013 vir meer voorbeelde van swak waarskuwings tekens.

**Ons het waarskuwingstekens nodig – en hulle moet effektief wees!**

©AIChE 2019. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Catalan, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, Filipino, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Mongolian, Persian (Farsi), Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, Urdu, and Vietnamese.**